
# Chingola, Zambia Uitreik
## 28 September—10 Oktober 2011

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

Waar begin 'n mens? Ons was 5 wat op 28 September vanaf Kaapstad na Johannesburg gevlieg het om saam met Eddie wat van Pretoria is op die Inter-kaap bus te klim op 29 September. Wat 'n reis!!! Ek dink nie ek kan dit in woorde omsit nie. Jy moes daar gewees het om te kon beleef. Ons het gelag, gesels, ge-eet en o ja, baie GEBID!!! Dit was 'n moeilike angsvolle busrit. Die pad was nou en donker en ons moes vining besef dat ons slegs die anderkant sal haal met God se genade! Met tye het dit vir my gevoel asof ek besig is om 'n "roller-coaster" rit te onderneem. Maar die mense op die bus was vriendelik en ons het baie kontakte opgebou vir verdere uitreike. Die nuwe President van Zambia se kleindogter, Patricia was baie ingenome met wat ons gaan doen en kan nie wag dat ons met 'n volgende keer onder die kinders van Lusaka kan kom werk nie. Ons het so baie uitnodigings na kerke gekry, maar ons tyd was net te kort.






Tydens ons 5 ure stop op Zambia se grens was dit net "amazing" om die kinders in aksie te sien. Hier sit Ruben met 2 kinders wat ons leë water bottels bymekaar maak om geld te kry. Hy het werklik met liefde en opregtheid met hulle gesels. Op hierdie grenspos het God se Woord ons werklik deur gedra. Ons het die "bribes" betaal in die vorm van Bybels wat ons saamgeneem het.



Sondagoggend het Daniel ons kom haal om kerk toe te gaan. Wat 'n STATPTOG!!! Ons moes die hele tyd hoor "Just over there", maar dit was, glo my nie so naby nie. Ons het ongeveer 'n uur gestap. En dit is nie normale paaie soos ek en jy gewoond is nie. Maar dit was die moeite werd. Die kinders by die kerk het vir ons 'n pragtige program voorberei en ons kon terugsit en dit net geniet. Daarna was dit ons beurt. Hulle het gevra ons moet vir hulle so 3 liedjies leer. Dit was heerlik om so saam met hulle te sing. Daniel het daarna die Woord bedien in Engels terwyl dit ook vertaal word in Bemba. Die Here het werklik vir ons in hierdie oggend Sy hart vir hierdie mense gewys.





Maandag, Dinsdag & Donderdag het ons die voorreg gehad om in "Excellence International School" in Chingola te kon werk met die kinders van Gr 2—5. Ons het eers lekker gesing, dan met die bal gespeel (stuck in the mud), woordlose opvoering gedoen (stuck in sin) en dan die geestelike toepassing daarvan aan die kinders verduidelik. Donderdag het ons 'n uitnodiging gemaak waar 20 kinders uitgekom het. 15 het hulle harte vir Jesus gegee en ek kon 5 meisies help wat met sekerheid gesukkel het.

Dit was vir elkeen op die span 'n ware voorreg om tyd met hierdie kinders te kon spandeer. Die onderwysers het tydens die klastyd saam met ons gewerk en het na die tyd getuig hoe baie hulle geleer het rondom hul eie kinders.

In die middag het ek en Eddie opleiding vanuit die KEE (Afrika materiaal) aan die onderwysers, pastore en ouers gegee. Hierdie was ook 'n totale ander belewenis as waaraan ek gewoond is. Hulle het soveel respek en waardering vir ons gehad, dat ek met tye nie waardig gevoel het om voor hulle te staan nie.

Dit was wel ook die moeilikste opleiding wat ek nog moes gee. Hulle is baie passief. Hulle verstaan nie die konsep speel, lag, saamwerk en terugvoering gee nie. Dit het omtrent broekskeur gegaan om hierdie klomp te kry om deel te neem. Maar die Here is getrou en het ook hier onderneem.






Saans as ons tuis was voor donker, het ons sommer net lekker met die kinders van die buurt bietjie sokker gespeel en net lekker gesels en gelag. Ons het agter gekom tydens ons verblyf dat hierdie mense nie lag nie. Die kinders het ons telkemale kom opsoek as hulle sien daar is lewe by ons huisie. Dit was heerlik en die span het ten spyte van die moegheid nogsteeds dit geniet om met hulle te kon speel.

Ons het die voorreg gehad om Vrydagoggend die "Lulamba Complex School" te besoek. Hier het ons sommer net 'n kans gevat en die prinsipaal gevra of ons met die Gr 4 – 6 kinders kan sing, speel en evangeliseer vir 'n uur. Sy was in die wolke en het dit in 'n japtrap vir ons gereel. Hierdie kinders het tog te lekker saam gesing en geluister. Ek moet se, dit was werklik vir ons almal 'n ander ondervinding in hierdie skooltjie!





Woensdag het ons uitgereik na die gevangenis en die markplein waar ons met mense gesels het en ook Bybels kon uitdeel. Snaaks genoeg, was hierdie oggend in die tronk vir my werklik 'n hoogtepunt. Ek het met 'n familie gewerk wat almal saam daarsit. 3 meisies (jongste 13), 4 seuns en die ouma (+/- 90). Die een seun het dwelms van die huis af verkoop en almal is in hegtenis geneem. Dit was baie hartseer maar tog ook verblydend om te hoor en te sien hoe hulle mekaar ondersteun in die tyd. Hulle is al 2 maande verhoorafwagtend. A.g.v. die verkiesing is alles vertraag. Ons was toegelaat om 3 Bybels aan hulle te gee. 1 vir die seuns, 1 vir die meisies en 1 vir die ouma.

Donderdagaand is ons as span deur Daniel se familie genooi om by hulle te kom eet op die ou tradisionele manier. Dit was 'n belewenis. Veral toe Daniel omkom met die kommetjie water waarmee hy ons hande was. Nou weet ek hoe die dissipels gevoel het toe Jesus hulle voete gewas het!

Die kos was vreemd maar nie oneetbaar nie. Al wat ek glad nie probeer het nie was die "caterpillars". Nee dankie! Die ander was braaf genoeg en het dit probeer. Maar sê ook nee dankie vir 'n volgende keer!





Maandagaand het ons die film "To safe a life" aan die jongmense gewys. Weens die tyd en vervoer faktore kon ons ongelukkig nie die film enduit kyk nie, maar het die Donderdagaand terug gegaan om dit klaar te maak. Die jongmense het dit werklik geniet en almal is daaruit met 'n opdrag om werklik te gaan kyk en luister na die mense rondom hulle.

God was werklik goed vir ons tydens hierdie uitreik. Ons kon soveel deel met die mense rondom ons. Ons het probeer om met ons lewens God se Woord uit te leef sodat hulle werklik die verskil kan sien.

God het ons geseën met 'n wonderlike tyd. Ons het vir Madelein in Shoprite ontmoet. Sy is ook van SA en woon saam met haar man in Chingola. Sy was werklik vir ons 'n ligpunt in die laaste dae. Dankie aan haar en haar man wat ons onkostes gedek het vanaf Chingola na Lusaka. God het voorsien deur hulle sonder dat hulle geweet het wat ons behoeftes was.





Spesiale dankie aan ons gasheer en sy familie! Dit was 'n voorreg om saam met het te kon werk!

Elkeen van ons op die span, Hennig, Frederick, Ruben, Eddie, Le-zan en ekself, het anders terug gekom. En ons wil vir **JOU** dankie sê! Ja jy! Jy wat gebid het, gehelp het met finansies, borge, bybels, kos, ens. As dit nie vir julle was nie, sou dit nie vir ons moontlik gewees het om te kon gaan en Jesus se liefde te kon deel nie.

**Baie dankie!!**
**Ons glo dat God jou oneindig baie sal seën!**

**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Belinda Bothma**
**073 835**